

Skriflesing: Handeling 2:29-36; 4:32-5:11

Nederlandse Geloofsbelydenis: **Art 11**

Teks: **Hand 2:33; Hand 5:3**

Sing- Ps. 33:1,3; Sb 14:1 (8-1:1) ; Ps. 66:7

Handeling 2:29-36

Act 2:29 Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe.

Act 2:30 Omdat hy dan 'n profeet was en geweet het dat God vir hom met 'n eed gesweer het dat hy uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit,

Act 2:31 het hy, omdat hy dit vooruit gesien het, gespreek van die opstanding van Christus, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie.

Act 2:32 Hierdie Jesus het God opgewek, waarvan ons almal getuies is.

Act 2:33 Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dit uitgestort, wat julle nou sien en hoor.

Act 2:34 Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand

Act 2:35 totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete.

Act 2:36 Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het.

Handeling 4:32-5:11

Act 4:32 En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad.

Act 4:33 En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal.

Act 4:34 Want niemand onder hulle was behoeftig nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en aan die voete van die apostels neergelê.

Act 4:35 En aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het.

Act 4:36 En Joses wie se bynaam onder die apostels Bárnabas was—wat, as dit vertaal word, beteken seun van vertroosting—'n Leviet, van geboorte uit Ciprus,

Act 4:37 het 'n stuk grond gehad en dit verkoop en die geld gebring en aan die voete van die apostels neergelê.

Act 5:1 Maar 'n sekere man met die naam van Ananías het saam met sy vrou Saffira 'n eiendom verkoop,

Act 5:2 en ook met die medewete van sy vrou van die prys agtergehou en 'n sekere deel gebring en aan die voete van die apostels neergelê.

Act 5:3 Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou?

Act 5:4 As dit nie verkoop was nie, het dit nie joue gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.

Act 5:5 En toe Ananías hierdie woorde hoor, het hy neergeval en gesterwe; en 'n groot vrees het gekom oor almal wat dit gehoor het.

Act 5:6 Daarna het die jongmanne opgestaan en hom toegedraai en uitgedra en begrawe.

Act 5:7 En ná verloop van omtrent drie uur kom sy vrou in sonder om te weet wat voorgeval het.

Act 5:8 En Petrus het haar aangespreek: Sê vir my of julle die grond vir soveel verkoop het? En sy sê: Ja, vir soveel.

Act 5:9 En Petrus sê vir haar: Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te versoek? Kyk, die voete van die wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra.

Act 5:10 Toe val sy onmiddellik aan sy voete neer en het gesterwe. En die jongmanne het ingekom en haar dood gevind en haar uitgedra en by haar man begrawe.

Act 5:11 En 'n groot vrees het oor die hele gemeente gekom en oor almal wat dit gehoor het.

Artikel 11: Die Godheid van die Heilige Gees

Ons glo en bely ook dat die Heilige Gees van ewigheid van die Vader en die Seun uitgaan; dat Hy nie gemaak of geskep of gebore is nie maar van albei slegs uitgaan; dat Hy in orde die derde Persoon in die Drie-eenheid is; dat Hy van een en dieselfde wese, majesteit en heerlijkheid as die Vader en die Seun is; dat Hy inderdaad ware en ewige God is, soos die Heilige Skrif ons leer.

Gen 1:1; Heb. 1:3; 11:3; Joh. 1:3; Ps. 33:6; Jer 32:17; Mal. 2:10; Joh. 1:3; 16:26; Ps. 104; Amos 4:13; Joh. 14:16, 26.

Skriflesing: Handeling 2:29-36; 4:32-5:11

Nederlandse Geloofsbelydenis: **Art 11**

Teks: **Hand 2:33; Hand 5:3**

Sing- Ps. 33:1,3; Sb 14:1 (8-1:1) ; Ps. 66:7

Broeder en suster- In Artikel 10 van die Nederlandse Geloofsbelydenis het ons gehandel oor die Godheid van Jesus Christus. In Art 11 gaan dit oor die Heilige Gees. So belangrik dit is om die Godheid van Jesus Christus te erken en net so belangrik is die identiteit van die Heilige Gees. Gewoonlik as die Godheid van Christus ontken word dan word die Godheid van die Heilige Gees ook ontken. Ons het verlede keer al verwys na die Jehovah getuies wat die Godheid van Christus verloën en sê die Jehova getuies oor die Heilige Gees dat dit gewoon net 'n krag is wat van God uitgaan. As ons egter die Woord van God oopmaak dan is dit baie duidelik die Heilige Gees is 'n goddelike Persoon, Hy is Self God, Hy is ware God gesien as deel van ons belydenis van die Drie-Eenheid van God, Vader, Seun en Heilige Gees. Dit wat ons oor die Godheid van Christus wou bely, waar ons gesê het dat by Christus is daar goddelike name, Christus het goddelike eienskappe, Christus dra goddelike eer, Christus Self doen goddelike werke, so kan ons by die Heilige Gees weer dieselfde onderskei.

Hy dra die heilige Naam van God. Ps. 139:7 vra die vraag- *7 Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?* Baie duidelik gebruik Dawid se God se Name afwisselend. Om te praat van God en die aangesig van God en direk voor dit oor die Heilige Gees te praat is om heeltemal met dieselfde God te bly praat. In Handeling 5 as Petrus vir Ananias sy sonde blootlê dan sê Petrus baie duidelik jy het nie vir mense gelieg nie, maar sien Petrus die Heilige Gees as God. Petrus sê - *...waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg...* Baie duidelik laat Petrus die Heilige Gees as God tot ons spreek.

Ons belydenis uit die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dit voorop dat die Heilige Gees van ewigheid af God is. Hy is ewige God. In al ons belydenisskrifte sal u agterkom dat daar nie baie oor die Heilige Gees gepraat word nie. Dit om die eenvoudige rede omdat die Woord van God nie baie oor die Heilige Gees praat nie. Die Heilige Gees wat die Woord van God laat spreek wil nie veel oor Homself praat nie. Daarom lees ons ook dat die Heilige Gees aan ons sê dat Hy nie gekom het om oor Homself te spreek nie, maar Hy het gekom om Christus te verheerlik. Johannes 16:14 lees ons dit ook- *14 Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.*

Dit kom daarop neer dat die Heilige Gees nooit los van Christus staan nie, maar die Heilige Gees maak die werk van Christus volledig, Hy voltooi die werk van Christus, Hy laat die werk van Christus in ons uitwerk. Hy bewerk ons heiligmaking. Hy laat jou en my glo, nie los van die Woord nie, maar juis op grond van die verkondiging van die Woord. Dit word al duideliker soos ons die Kategismus hier saamlees dat Hy die Heilige Gees gee my deel aan Christus en aan al sy weldade.

Daarom dat ons by die artikel beslis hiermee moet saamneem dit wat ons in Sondag 20 van die Kategismus bely. Die Kategismus stel die feit van die Godheid van die Heilige Gees ook voorop, dat Hy waaragtige en ewige God is, maar voeg die Kategismus hierby- **dat die Heilige Gees ook aan my gegee is, omdat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry, my troos en ewig by my bly.**

Ons besef dan ook ons belydenis in die Twaalf Artikels waar ons dit duidelik sê – EK GLO IN DIE HEILIGE GEES... Omdat ons in die Heilige Gees glo daarom is dit moontlik om te glo aan 'n heilige algemene Christelike kerk, ja ook alleen ons geloof in die Heilige Gees kan ons laat glo in die vergewing van sondes en die opstanding van die liggame en die ewige lewe. Ons sou in niks van hierdie dinge kon glo as ons nie in die Heilige Gees geglo het nie. Die kerk, die opstanding van die ontslapenes, die vergewing van sondes, die ewige lewe, alles staan onlosmaaklik verbind aan ons geloof in die Heilige Gees. In alles werk die Heilige Gees. Luister ook maar weer mooi na Rom.8:11 - *11 En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.*

Ook gee ons doopsformulier baie duidelik die besondere troos wat alleen die Heilige Gees kan doen as ons vir mekaar sê dat die Heilige Gees versterk ons in die stryd teen die sonde. Hy troos ons deurdat wanneer daar allerhande twyfel en aanvegtinge oor ons kom dan rig Hy die aandag weer op die beloftes van die Here. Hy sal altyd voltooi wat Hy begin het, want sê ons ook dat Hy met sy werk sal voortgaan totdat ons uiteindelik onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word.

Dit is alleen die Heilige Gees wat dit alles kan doen, maar ons sê dit weer die Heilige Gees praat nie baie oor Homself nie, want die Een wat waarlik in die Woord van God spreek is die Heilige Gees wat met ons oor Christus en sy werk en sy Vader wil spreek. Wanneer ons wyer as ons belydenis na die werk van die Heilige Gees kyk dan besef ons die Heilige Gees was ook by die skepping van God. Toe was Hy God. Hy het oor die water gesweef ... Die Heilige Gees is die Een wat onderhou dit wat geskape is. Hoor hoe mooi staan dit in Psalm 104:30- **30 U stuur u Gees uit, hulle word geskape; en U maak die gelaat van die aarde nuut.** In Eksodus 31:3 lees ons al in besonder van die gawes van die Heilige Gees. Besaleël wat die tabernakel moes oprig dat God het *hom vervul met die Gees en met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk...* Vir hierdie man Besaleël om so mooi met goud en silwer en koper te kon werk, dit alles tot eer van God, sonder die Heilige Gees sou Hy dit nie kon doen nie.

Dit bring ons by die Handeling gedeeltes wat ons ook vandag gelees het. Die Heilige Gees werk in daardie eerste gemeente met besondere duidelike insigte en krag. Petrus en Johannes word deur die Heilige Gees toegerus om voor die vergadering van die Joodse Raad en ander belangrike leiers te praat. Dit wat Hand 4:8 bevestig word in Hand 4:31 nog weer uitgebrei want as daar vrymoedigheid moet kom om die Woord van God uit te dra dan kan dit nie sonder die Heilige Gees gebeur nie. Gelowiges word deur die Gees van God beskerm en dieselfde Heilige Gees gee die vrymoedigheid om God se Woord te verkondig. In Hand 4:32 lees ons net nog meer die uitbreiding van die Heilige Gees se werk. Die Heilige Gees bewerk die groei en eensgesindheid en mededeelsaamheid in daardie eerste gemeente. Sonder die Heilige Gees sou dit nie kon wees nie.

Sondag 45 van die Kategismus laat ons nog iets baie belangrik rondom die werk van die Heilige Gees raaksien. God sal sy **genade en Heilige Gees alleen aan hulle gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.** Biddende

afhanklikheid van die Heilige Gees is iets wat geen gelowige mag ontbeer nie. Trouens daarsonder is een nie 'n gelowige nie. Die Heilige Gees laat ons meer doen as om gewoon ons hande in gebed te vou. Die Heilige Gees maak ook ons hande en harte oop. Iemand kry deur die Heilige Gees 'n nuwe uitsig op dinge rondom jou en in jou. Ook 'n nuwe uitsig op jou besittings en gawes. Die Heilige Gees waak ook oor die heiligheid van God se gemeente. Dit sien ons baie duidelik wat het gebeur as daar vanuit die gemeente vir die Heilige Gees gelieg sou word. Wie in die amp dien moet iemand wees vol van die Heilige Gees. In Hand 6:3 lees ons- *3 Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel...*

Waar ons praat nie net oor die heilige name en heilige eer wat die Heilige Gees toekom nie, sien ons dat onlosmaaklik aan die Heilige Gees is verbind goddelike eienskappe en goddelike werke. Waar ons vroeër in die preek al na Psalm 139 verwys het vra Dawid die vraag - *7 Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig? 8 Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!* Die Heilige Gees is alomteenwoordig. Dit bevestig die belofte wat Christus by sy hemelvaart aan sy dissipels gemaak het dat al vaar Hy op na die hemel dat Hy nooit deur sy Gees van hulle af weg sal wees nie. Die Heilige Gees is nie beperk tot plekke en mense nie, maar is teenwoordig by God se kinders waar hulle ook al mag wees. Die goddelike eer wat die Heilige Gees toekom staan vir ons ook duidelik in die sendingopdrag waar God se kinders gedoop moet word, in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die goddelike werke wat aan die Heilige Gees toegeskryf word lees ons ook in Psalm 33:6- *6 Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër.*

Ons sluit af deur te bevestig daar kan nie gepraat word van die begin of die skep of die geboorte van die Heilige Gees nie. Die Gees is nie geskep, gemaak of gebore nie. Hy gaan van ewigheid af uit die Vader en die Seun uit. Kyk maar weer mooi na Hand 2:33 -*33 Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor.* Ook is die Heilige Gees nie ondergeskik aan die Vader en die Seun nie, want daar is net Een God. Dit is buite die kwessie dat die Gees los van die Seun van God wil werk. Sou ons die Gees losmaak van die werk van die Vader en die Seun dan sal ons so maklik in die vaarwater van mistieke geesdrywery beland.

Dit kry ons by sommige van die sektes waar hulle beweer die Heilige Gees het vir hulle 'n stem laat hoor of 'n lig laat sien wat net binne die een wat dit beweer bevestig kan word. M.a.w. daar is geen kontrole nie. Terwyl die Woord altyd vir ons die kontrole, die finale maatstaf moet wees en bly. Dit wat nie aan die Woord getoets kan word nie, of wat hierdie toets nie slaag nie kan mos nie aanvaar word nie. Daarom groepe wat hoog opgee dat hulle doen wondergenesings of dat hulle in tale kan spreek, hulle beroem hulle op allerhande wonderwerke, ons kan dit nie aanvaar nie. Die ware kerk bely soos wat art 11 Nederlandse Geloofsbelydenis dit doen dat die Gees werk deur die Woord, is altyd aan die Woord gebind, want die Gees laat Hom nie skei van Hom, ons Here Jesus Christus wat die Woord van God is, (Joh.1:1-4) nie- *1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. 2 Hy was in die begin by God. 3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. 4 In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.* In wat ons hier lees laat ons hou by die Woord, by Jesus Christus Wie die Heilige Gees van Hom laat uitgaan. Die Gees se werk en die Seun se werk is volkome een, die Gees werk nie apart nie, maar deur die Woordverkondiging waar Christus verkondig word.

AMEN